

TORBANITE — 'N DORP TE KOOP

Dr. R.T.J. Lombard

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

In November 1960 het daar 'n advertensie in koerante verskyn waarin die dorp Torbanite op die Oos-Transvaalse Hoëveld te koop aangebied is. Hierdie dorpie wat op 1 272 ha en net mooi halfpad tussen Ermelo en Breyten geleë was, het uit 54 woonhuise, 'n ontspanningsaal, 'n blok kantore, 'n groot skuur, 'n werkplaas en 'n kampong vir Swart werkers bestaan.¹


Die geskiedenis van Torbanite kan teruggevoer word na die jaar 1893 toe J.J. Janecke olieskalie op die plaas Mooifontein 287 ontdek het. Omdat dit baie soos steenkool gelyk het, het hy dit in die vuur geplaas en bevind dat dit met 'n bestendige vlam brand. Hy het dus die naam *kersklip* daaraan gegee, sonder dat hy bewus was daarvan dat soortgelyke skalie in Groot-Brittanje as *candlecoal* bekend was.²

In 1904 het Janecke die plaas Mooifontein aan ene Stanford verkoop. Dié het 'n ton van die olieskalie na Skotland gestuur waar ongeveer 190 liter olie daaruit gedistilleer is. Daar is ook bevind dat die skalie van dieselfde soort is as dié wat by Torbane Hill, naby Glasgow, Skotland, aangetref word en as *torbanite* bekend is.

Verskeie persone, onder andere kol. W.R. Collins

wat van 1916 tot 1938 die LV vir Ermelo was, het hulle vir die ontginning van olie uit olieskalie of torbaniet bewywer. In 1931 het die British Burmah Petroleum Company Ltd. 'n verslag aan die regering voorgelê en in 1934 in samewerking met die Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company Ltd. 'n maatskappy gestig vir die ontginning van olie uit olieskalie. Hierdie maatskappy het as die South African Torbanite Mijning and Refining Company Ltd. (SATMAR) bekend gestaan. In Januarie 1936 het die eerste Satmar-petrol op die mark verskyn. Die dorpie wat op die plaas Mooifontein aangelê is, was sewentien kilometer van Ermelo af en het die naam Torbanite ontvang.

SATMAR het in 1936 met twee distilleerders begin en ongeveer 100 ton skalie is daagliks ontgin en verwerk.



Skalieverwerkingsaanleg by Torbanite in die Oos-Transvaal.

FOTO: PUBLISITEITS- EN REISDEPARTEMENT.
SUID-AFRIKAANSE SPOORWEE

1. *Die Hoëvelder*, 18.11.1960.
2. *Die Hoëvelder*, 21.3.1947.

In 1947 was daar veertien distilleerders en 750 ton skalie is per dag ontgin. Die produksie was dus ongeveer 142 000 liter olie per dag. Saam met die olieskalie is ook steenkool ontgin wat as brandstof gebruik is om die olie uit die skalie te distilleer. Die skalie is eers vergruis en daarna tot 522°C verhit. Die olie wat daaruit verkry is, is per trein na 'n raffinadery op Boksburg gestuur waar dit verder verwerk is.

In 1936 het SATMAR 27 Blanke en 300 Swart werkers in diens gehad. In 1947 het die Blanke werkers tot 140 en die Swartes tot 1 400 vermeerder. Teen 1955 was daar 200 Blankes en 1 700 Swart mense in diens van SATMAR. Ongeveer die helfte van die Blankes was op Torbanite gevestig en die ander het op Ermelo gewoon. 'n Gereelde busdiens tussen Torbanite en Ermelo het werkers, skoolkinders en inwoners van Torbanite wat inkopies op Ermelo wou gaan doen, heen en weer vervoer. Vir die sakeondernemings op Ermelo — en selfs op Breyten — was Torbanite 'n groot bate.

Teen 1960 was die meeste van die olieskalie wat ekonomies ontgin kon word, reeds uitgewerk en aan die einde van September van dié jaar is die werk op Torbanite gestaak. Daar is gehoop dat die dorp deur een of ander maatskappy of welsynsorganisasie oorgeneem en nuttig gebruik sou kon word. Hierdie ideaal kon egter nie verwesenlik word nie. Toe geen koper vir die dorp gevind kon word nie, is die hele Torbanite uiteindelik gesloop. Al wat oorgebly het, was 'n aantal uitgewerkte mynskagte. Vir Ermelo en omgewing was die sluiting van SATMAR 'n groot ekonomiese terugslag, maar die nywerheids groei wat Oos-Transvaal sedert die jare sestig belewe het met die oprigting van etlike kragstasies en die bou van die Richardsbaaispoorlyn, het meer as vergoed vir hierdie verlies.

In 1973 was Torbanite weer in die nuus toe O.J. Lombaard, 'n 43-jarige vrygesel, en sy 74-jarige weduweemoeder wat op 15 Mei 1973 vermoor is, se lyke vyf dae later in een van die toetsskagte by Torbanite gevind is.³ Vier Swart mans is later in verband met die moord in hegtenis geneem en ter dood veroordeel. ■